Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
**Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za**

# 2025 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS FAL** | | |
| **QUESTION PAPER** | | **2** | |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **2 ½ HOURS** | | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **NAME OF THE INTERNAL MODERATOR** | **LEONI LAZARUS** | | |
| **NAME OF THE CHIEF MARKER** | **CORDELIA MENTOOR** | | |
| **DATES OF MARKING** | **27 NOVEMBER – 11 DECEMBER 2025** | | |
| **HEAD OF EXAMINATION:** | **MR. E MABONA** | | |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Die vraestel het ten volle aan die voorgeskrewe KABV-vereistes en die Eksamenriglyne van 2021 voldoen. Die vraestel was van 'n aanvaarbare standaard, aangesien dit aan al die vereiste kognitiewe vlakke voldoen het.


Die kandidate het oor die algemeen swakker as in 2024 presteer.

Lien se Lankstaanskoene (Vraag 4) het vanjaar weereens die beste van al die voorgeskrewe tekste gevaar, alhoewel daar 'n daling in die gemiddelde persentasie was in vergelyking met die gemiddelde persentasie van 2024.

Die twee gedigte (Vraag 9) se gemiddelde persentasie het vanjaar gestyg in vergelyking met die gemiddelde van 2024.

Die hoogste punt wat behaal is, was 70, waar die kandidaat 'n kombinasie van Lien se Lankstaanskoene en die Gedigte beantwoord het.

Die laagste punt, naamlik 01, was die gevolg van 'n verkeerde keuse wat die kandidaat gemaak het.




Daar is'n duidelike afname in die volgende boeke:

- Vraag 1: Kringe in 'n Bos

Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het 'n verkeerde keuse gemaak en meer as twee genres beantwoord.

- Vraag 2: Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom

Twee sentrums het hierdie vraag beantwoord en het swakker gevaar in vergelyking met verlede jaar.

- Vraag 3: Meeulanders

Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het 'n verkeerde keuse gemaak en meer as twee genres beantwoord.

- Vraag 4: Lien se Lankstaanskoene

Hier het die uitslae, in vergelyking met verlede jaar, onveranderd gebly. Die kandidate het weereens goed gevaar in hierdie boek.

- Vraag 5: Poppie – Die Drama

Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het swakker gevaar hierdie jaar. Dit was weereens 'n geval van verkeerde keuse.

- Vraag 6: Paljas

Kandidate het swakker gevaar hierdie jaar en minder sentrums het hierdie boek beantwoord.

- Vraag 7: Fiela se kind – Die Drama

Kandidate se uitslae hiedie jaar was teleurstellend, veral aangesien twee derdes van die Oos-Kaap hierdie boek beantwoord het.

- Vraag 8:
  8.1. "Kom ons stuur vir Tasu" en 8.2. "Opdrag"

Die kandidate se uitslae was onveranderd. Minder kandidate het hierdie vraag beantwoord in vergelyking met verlede jaar.

- Vraag 9:
  9.1. "Krisis" en 9.2. "Ken jy die see..."

Die kandidate het verbasend hierdie jaar baie goed gedoen in hierdie boek en daar was 'n toename in die prestasie van die kandidate.

**LET WEL:** Sien **Aangangsel 1** vir die verskillende kognitiewe vlakke en moontlike vraagstelling. Onderwysers moet dit inkorporeer in hul toetse, eksamens en tydens lesse.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions

**VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

| **QUESTION 1** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Hierdie roman behoort afgeskryf te word, aangesien dit duidelik is dat geen skool dit meer behandel nie. Die kandidate se ontoereikende kennis van die inhoud toon duidelik dat hierdie boek nie by sentrums of skole aangebied word nie.<br>Die vraag is oor die algemeen baie swak beantwoord weens die kandidate se nalatenskap en gebrekkige begrip van hoe die keusevrae, soos dit in die vraestel verskyn, gekies moes word.<br>Dit blyk dat die kandidate moontlik nie die instruksies op die vraestel verstaan het nie en eenvoudig by Vraag 1 begin het en al die vrae beantwoord het.<br>Kandidate kon nie die vlak 1- en vlak 2-antwoorde korrek weergee nie, wat 'n duidelike aanduiding is dat hulle nie vertroud is met die inhoud van die roman nie.<br>Onderwysers moet kandidate daarvan bewus maak dat hulle slegs een vraag per afdeling moet beantwoord. |
| **QUESTION 2** |
| **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Die probleemareas in Vraag 1, asook die redes waarom die kandidate uiters swak in hierdie vraag gevaar het, is moeilik om akkuraat te bepaal, aangesien die roman nie by skole onderrig word nie. Dit het gelei tot die algehele swak beantwoording van die vrae.<br>Die kandidate het 'n verkeerde keuse uitgeoefen en het derhalwe nie 'n begrip van die roman gehad nie. Hulle het die uittreksels en vrae bloot as 'n leesbegriptoets beskou en probeer om die antwoorde slegs uit die uittreksels af te lei.<br>Die kandidate het hoofsaaklik punte verwerf in meerkeusevrae, kolomvrae en volgordevrae waar die antwoorde geraai kon word.<br>Die kandidate beskik nie oor die nodige woordeskat om die vrae suksesvol te beantwoord nie. |
| **QUESTION 3** |
| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Die uitleg van die vraestel moet aan kandidate duidelik verduidelik word om verwarring uit te skakel rakende die twee vrae wat beantwoord moet word.<br>Die uitwerk van ou vraestelle kan as voorbeeld dien om die uitleg en struktuur van die vraestel te verduidelik. |

| |
|---|
| Onderwysers moet dit duidelik aan kandidate stel dat hulle benadeel word wanneer hulle vrae beantwoord oor tekste wat nie by hul skole aangebied of onderrig word nie. Die verkeerde keuses wat kandidate maak wanneer hulle die vraestel probeer beantwoord, kan tot uiters swak uitslae lei.<br>By merksentrums word slegs die eerste vraag per genre nagesien; enige verdere beantwoorde vrae in dieselfde genre word geïgnoreer. |
| **QUESTION 4** |
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Die boek is moeilik en behoort nie behandel te word nie; daar is makliker, meer geskikte opsies om te oorweeg.<br>Onderwysers moet kandidate uitdruklik inlig dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet neerskryf nie — selfs nie op plekke waar hulle foute gemaak het nie. Glimpenne en tippex mag glad nie gebruik word nie.<br>Indien ’n kandidaat ’n verkeerde keuse gemaak het, moet hy/sy ’n enkele streep deur die verkeerde antwoord trek; andersins sal die aanvanklike antwoord gemerk word, aangesien daar by merksentrums slegs die eerste vraag per genre in ag geneem word. |

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver**

| **QUESTION 1** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Die vraag is slegs deur twee sentrums beantwoord. Die kandidate het gemiddeld tot goed presteer. Die kandidate wat swak gevaar het, het 'n verkeerde keuse van vraag uitgeoefen en het dus nie genoegsame kennis gehad om die vraag effektief te beantwoord nie.<br>Kandidate het gemiddeld presteer. Die woordeskat bly beperk, en Engels word steeds in antwoorde gebruik, wat die antwoorde foutief maak. Spelfoute kom in verskeie antwoorde voor. |
| **QUESTION 2** |
| **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Kandidate toon kennis van die inhoud van die roman, maar lees dikwels die vrae nie behoorlik nie. Hulle het dus die nodige inhoudskennis, maar sukkel met interpretasie en die toepas van kennis op die vraag.<br>**Vraagspesifieke opmerkings:**<br>**2.1.1-2.1.4:** Dit was goed beantwoord. Die meeste kandidate het die antwoorde geken.<br>**2.2.1:** Sommige kandidate het nie die betekenis van die woord "*bevooroordeeld*" verstaan nie.<br>**2.2.2:** Kandidate het gesukkel om die woord "geloofwaardig" binne konteks te verduidelik.<br>**2.3:** Die meeste kandidate fokus op Sharon se tyd met Yann en nie met Margot nie.<br>**2.4-2.5:** Is goed beantwoord.<br>**2.8:** Baie min kandidate het hierdie antwoord reg gekry. Slegs een kandidaat kon die vraag suksesvol beantwoord. Kandidate verwys na wie Sharon is en Hanna en Sharon se verhouding in plaas van hoekom Sharon reg opgetree het.<br>**2.9 (Kolomvraag):** Swak beantwoord, aangesien kandidate nie die inhoud van die verhaal en die gevolge van sekere aksies/gebeure voldoende ken nie.<br>**2.10:** Alhoewel die meerderheid kandidate die volgorde-vraag korrek beantwoord het, was daar nogsteeds kandidate wat daarmee gesukkel het omdat hulle die inhoud nie voldoende vasgelê het nie.<br>**2.11.2:** Sommige kandidate kon die vergelyking nie in eie woorde verduidelik nie.<br>**2.14:** Die aanhaling het die kandidate verwar omdat kandidate die woord "knoop" ingelees het as "knop" daarom het baie van hulle (a) gekies in plaas van (c). |
| **QUESTION 3** |
| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |

| |
|---|
| Onderrig kandidate hoe om vrae korrek te interpreteer en binne 'n bepaalde konteks te beantwoord.<br>Vorige vraestelle dien as 'n waardevolle bron om kandidate aan verskillende tipe vrae bloot te stel.<br>Die teks bly die hoofbron wat in die klaskamer behandel moet word, maar die fliek kan gebruik word om Hanna se alter ego beter te verstaan.<br>Kandidate moet let op spelfoute. Alhoewel spelling nie eksplisiet getoets word nie, kan 'n spelfout die betekenis van 'n antwoord verander.<br>Leer kandidate om stellings wat 'n vraag inlei, deeglik te lees om misverstande te vermy.<br>Kandidate moet elke vraag deeglik deurlees om by die kern van die vraag uit te kom.<br>Kandidate moet bewus gemaak word dat die nommering van antwoorde ooreen moet stem met die nommering op die vraestel.<br>Klem moet geplaas word op gebeurtenisse en hul moontlike gevolge.<br>Kandidate moet die verloop van gebeure in die verhaal deeglik nagaan om volgorde-vrae korrek te kan beantwoord.<br>Kandidate moet in die klasaktiwiteite meer blootgestel word aan die vlak 4 en 5 vrae waar interpretasie en afleiding vereis word. |
| **QUESTION 4** |
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Woordeskat is 'n probleem, en kandidate sukkel om hulself duidelik uit te druk. Hulle gebruik dikwels Engelse woorde wat nie deel van die teks is nie. Dit is dus belangrik dat woordeskat wat in die roman voorkom, vasgelê en beoefen word. Woordeskat lysies, wat spesifiek op die boek wat bestudeer word, moet gereeld getoets en ingeskerp word.<br>Kandidate moet afstand doen van die gebruik van Engelse woorde in hul antwoorde. |

**VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn**

| **QUESTION 1** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Kandidate het uiters swak in hierdie vraag gevaar.<br>Dit blyk dat hierdie vraag moontlik nie deur die skool behandel is nie.<br>Kandidate het die vraag verkeerd beantwoord weens verkeerde keuses en het 'n poging aangewend om die hele vraestel te beantwoord sonder die nodige begrip. |
| **QUESTION 2** |
| **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Die probleemareas in Vraag 3, asook die redes waarom die kandidate uiters swak in hierdie vraag gevaar het, is moeilik om akkuraat te bepaal, aangesien die roman nie by skole onderrig word nie. Dit het gelei tot die algehele swak beantwoording van die vrae.<br><br>Die kandidate het 'n verkeerde keuse uitgeoefen en het derhalwe nie 'n begrip van die roman gehad nie. Hulle het die uittreksels en vrae bloot as 'n leesbegriptoets beskou en probeer om die antwoorde slegs uit die uittreksels af te lei.<br><br>Die kandidate het hoofsaaklik punte verwerf in meerkeusevrae, kolomvrae en volgordevrae waar die antwoorde geraai kon word.<br><br>Die kandidate beskik nie oor die nodige woordeskat om die vrae suksesvol te beantwoord nie. |
| **QUESTION 3** |
| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Die uitleg van die vraestel moet aan kandidate duidelik verduidelik word om verwarring uit te skakel rakende die twee vrae wat beantwoord moet word.<br>Die uitwerk van ou vraestelle kan as voorbeeld dien om die uitleg en struktuur van die vraestel te verduidelik.<br>Onderwysers moet dit duidelik aan kandidate stel dat hulle benadeel word wanneer hulle vrae beantwoord oor tekste wat nie by hul skole aangebied of onderrig word nie. Die verkeerde keuses wat kandidate maak wanneer hulle die vraestel probeer beantwoord, kan tot uiters swak uitslae lei.<br>By merksentrums word slegs die eerste vraag per genre nagesien; enige verdere beantwoorde vrae in dieselfde genre word geïgnoreer. |
| **QUESTION 4** |
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments** |

| that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc. |
| --- |
| Die inhoudsopgawe en die formaat van die vraestel moet deur onderwysers met die leerlinge bespreek word om verkeerde keuses te voorkom.<br>Vakadviseurs kan skole aanmoedig om 'n alternatiewe boek te behandel en die nodige ondersteuning te bied.<br>Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om kandidate bloot te stel aan die vereiste standaard, relevante woordeskat en verskillende tipes vraagstelling. |

**VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt**

| **QUESTION 1** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Naas *Fiela se Kind* is *Lien se Lankstaanskoene* die tweede gewildste boek.<br>Sekere sentrums het baie goed gevaar in die roman.<br>By baie sentrums het kandidate egter in Engels geantwoord.<br>Spelling is steeds 'n probleem, aangesien 'n spelfout die betekenis van 'n woord kan verander.<br>Kandidate raak dikwels deurmekaar met die karakters.<br>Hierdie vraag is nie so goed beantwoord soos in vorige jare nie. Topkandidate presteer steeds goed, die gemiddelde kandidate behaal meer as 20 punte, en die swakker kandidate kry minder as 10 punte.<br>Vraagspesifieke opmerkings:<br>**4.1.1 – 4.1.4**: Dit is goed beantwoord.<br>**4.1.2**: Baie kandidate wat amper volpunte behaal het, het hierdie vraag verkeerd beantwoord.<br>**4.2:** Baie kandidate het hierdie maklike vraag verkeerd beantwoord.<br>**4.3.1**: Dit is swak beantwoord.<br>**4.3.2:** Dit is goed beantwoord. Kandidate kon die uitdrukking omskryf.<br>**4.4** Dit is goed beantwoord.<br>**4.5:** Dit is redelik beantwoord.<br>**4.6**: Dit is goed beantwoord.<br>**4.7**: Dit is goed beantwoord.<br>**4.8** Baie kandidate het net een van die twee punte gekry.<br>**4.9:** Die vraag is redelik beantwoord.<br>**4.10**: Dit is goed beantwoord.<br>**4.11**: Swak prestasie in die volgorde-vraag.<br>**4.12.1**: Dit is goed beantwoord.<br>**4.12.2:** Dit is swak beantwoord. Kandidate herhaal die vraag as die antwoord.<br>**4.13:** Dit is goed beantwoord.<br>**4.14:** Dit is redelik goed beantwoord.<br>**4.15.1** Is goed beantwoord.<br>**4.15.2**: Dit is swak beantwoord.<br>**4.16.1**: Dit is goed beantwoord.<br>**4.16.2**:: Dit is swak beantwoord.<br>**4.17**: Dit is redelik goed beantwoord. |

| |
|---|
| **4.18**: Dit is goed beantwoord.<br>**4.19**: Dit is redelik goed beantwoord.<br>**4.20**: Dit is swak beantwoord. |
| **QUESTION 2** |
| **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| **4.1.2** Hierdie vraag het vele moontlike antwoorde gebied en tog het baie kandidate dit verkeerd gekry.<br>**4.2:** Kandidate weet nie wat die woord "pawiljoen" beteken nie.<br>**Probleem:** Kandidate het nie 'n deeglike begrip van die woordeskat wat die roman bevat nie.<br>**Voorstel:**Verskaf vooraf 'n kort opsomming van die karakters en hoofgebeure.wat die inhoud herhaal en versterk. Fokus op moeilike woorde tydens leessessies.<br>4.3.1: Kandidate het nie die woord "hiperbool" verstaan nie. Literêre terme, soos beeldspraak en stylfigure moet aandag geniet.<br>4.5: Kandidate sukkel om hulself in Afrikaans uit te druk. Hulle weet nie hoe om met 'n situasie te identifiseer nie.<br>4.6: Die kandidate wat dit wel verkeerd gekry het, het gesukkel met die uitdrukking: "Sy wil elke week kop uittrek." Baie het genoem dat sy glad nie meer die pruik wou dra nie.<br>4.7: Sommige kandidate het net na hulself verwys in die antwoord en nie na wat Tannie Bets vir Lien gedoen het nie.<br>4.8: Kandidate ken nie die inhoud goed genoeg om 'n wyer perspektief te hê nie.<br>4.9: Probleme met interpretasie; die meerderheid kandidate verstaan nie die betekenis van "eensaam" nie. Beperkte woordeskat kon hiertoe bygedra het.<br>4.10: Van die kandidate verstaan nie van die woorde wat in die kolommevraag gebruik is nie bv. die woord "verlei"  by 4.10.2 in Kolom A en by "verkeerde gedagtes" in C by Kolom B.<br>4.11: Kandidate ken nie die inhoud goed genoeg nie. Die volgorde vraag het kandidate se beperkte kennis van die roman blootgelê.<br>4.12: **:** Kandidate ken nie die karakters nie; name word nie in die uittreksel genoem nie.<br>4.13: Sommige kandidate kon nie die konsep "toon" interpreteer nie.<br>4.14: Kandidate het vir Hein en Wouter  verwar.<br>4.15.2: Kandidate het nie die woordeskat om hulself uit te druk nie.<br>4.16.2: Beperkte woordeskat verhoed dat die kandidate 'n goeie verduideliking kan gee. Kandidate het nie die woord "geloofwaardig" verstaan nie.<br>4.17: Baie kandidate antwoord slegs "Hein..." of "Lien..."; die antwoord moes albei karakters in die antwoord bevat. |

| |
|---|
| 4.18: Sommige kandidate kon nie die motivering gee nie; hulle kan hulself nie uitdruk nie.<br>4.19: Betekenis van "gevolge" word nie deur die kandidate verstaan nie. Kandidate antwoord vanuit Tibbey se perspektief, en fokus op wat hy vir ander gedoen het in plaas van hoe ander hom gehelp het. Kandidate gebruik dikwels die woord "rolstoel" i.p.v. "karretjie".<br>4.20**:** Kandidate gee 'n algemene antwoord, eerder as 'n spesifieke antwoord uit die roman; sommige verwys na gebeure vroeër in die roman en nie na die slot nie. Kandidate het nie geweet hoe die tema aan die verhaal as geheel verbind is nie. Geen voorbeelde is gegee nie. Sommige kandidate verstaan moontlik nie die betekenis van die woord "slot" nie. |
| **QUESTION 3** |
| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| 4.16.2 – Moeilike woord "geloofwaardig"<br>Onderwysers kan aan kandidate verduidelik dat dit "betroubaar" of "maklik is om te glo". Gee 'n voorbeeldsin: "Die verhaal is geloofwaardig, want dit kan werklik gebeur."<br>4.17 – Vraag oor verhouding: Die antwoord moet beide karakters insluit.<br>**Instruksie kan verduidelik word:** "Skryf oor hulle verhouding. Begin jou antwoord met 'Hulle…'". Kandidate verstaan nie die woord "gevolg" nie. Verduidelik dit as iets "wat daarna gebeur / die uitwerking van iets". **Voorbeeld**: "Die gevolg van sy besluit was dat hy alleen gelaat is."<br>4.19 – Betekenis van "slot"**:** Kandidate verstaan nie die woord "slot" nie. Verduidelik dit as "die einde van die verhaal". Gebruik 'n voorbeeld: "In die slot van die roman word die probleem opgelos."<br>**Samevatting**<br>Deur moeilike woorde te verduidelik of te vervang, en deur kandidate vooraf van konteks en opsommings te voorsien, kan misverstande vermy word en die leerproses versterk word.<br>**Probleme wat kandidate ervaar**<br>1. Woordeskat en begripsprobleme<br>o Kandidate sukkel met die gebruik en verstaan van terme soos *"innerlike konflik"*, *"gevolge"* en *"geloofwaardig"*.<br>o Kandidate gebruik dikwels die woord *"rolstoel"* in plaas van die korrekte woord *"karretjie"*.<br>**Voorstelle ter verbetering**<br>• Eenvoudige en toeganklike taalgebruik: Moeilike begrippe moet vooraf verduidelik word met sinonieme en voorbeeldsinne. *Voorbeeld:* "Innerlike konflik beteken 'n stryd in 'n karakter se gedagtes of gevoelens." |

- Korrekte terminologie: Beklemtoon die gebruik van die regte woorde deur middel van oefeninge en herhaling. *Voorbeeld:* "Karretjie" moet konsekwent gebruik word en in konteksoefeninge ingesluit word.
- Ondersteunende materiaal: Verskaf kort opsommings van die roman se inhoud en karakters voor die toets. Dit help kandidate om die volgorde en kerngebeure beter te onthou.

**Probleem:** Kandidate beskik nie oor voldoende woordeskat om hul eie verduidelikings korrek te formuleer nie.

- **Voorstel oor motiveringsvrae.**
    - Leer kandidate eenvoudige raamwerksinne soos: "Ek dink… omdat…".

**Inhoudskennis van die Roman**

- Kandidate moet die inhoud van die roman volledig en deeglik ken.
- Onvoldoende kennis lei tot feitefoute wat die res van 'n antwoord kan beïnvloed en die geldigheid daarvan ondermyn.
- Die rol van elke karakter en hul verhoudings met mekaar moet eksplisiet en herhaaldelik onderrig word.

1. **Beantwoording van Vrae**
    - Die tegniek van beantwoording van koppelvrae en motiveringsvrae moet doelbewus aangeleer word.
    - Kandidate moet aangemoedig word om vrae sorgvuldig te lees en die kern van die vraag te identifiseer voordat hulle antwoord.
2. **Karakterkennis**
    - Kandidate moet vertroud wees met die onderskeid tussen plat karakters en ronde karakters, asook hul spesifieke eienskappe.
    - Name en gebeure moet deeglik bestudeer word.

**Die suksesvolle voorbereiding van kandidate berus op drie pilare:**

1. Deeglike inhoudskennis van die roman en karakters.
2. Beheersing van literêre konsepte en korrekte woordeskat.
3. Duidelike en korrekte beantwoording van vrae volgens die vereistes van die vraestel en die verskillende kognitiewe vlakke.

**QUESTION 4**

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

1. **Verwysing na die KABV-dokument:** Onderwysers moet hulself deeglik vergewis van die inhoud van die **Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)**, aangesien dit die raamwerk verskaf vir wat in die klaskamer onderrig moet word.

2. **Gebruik van vorige vraestelle:** Vorige vraestelle is 'n waardevolle hulpmiddel om kandidate bloot te stel aan:
    - die **standaard** van assessering,
    - die vereiste **woordeskat**, en
    - die verskillende **tipes vraagstelling** wat in formele assesserings voorkom.
3. **Primêre en aanvullende bronne:** Die **teks van die roman** bly die primêre bron van studie en onderrig. Die **filmweergawe** kan gebruik word, maar slegs as 'n aanvullende hulpmiddel om sekere aspekte te verduidelik of te illustreer. Dit mag nooit die plek van die teks inneem nie.

Die gebruik van Engelse woorde in die antwoorde bly problematies en behoort vermy te word.

**VRAAG 5: POPPIE – DIE DRAMA – Else Joubert en Sandra Kotze**

| **QUESTION 1** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Hierdie drama behoort afgeskryf te word, aangesien dit duidelik is dat geen skool dit meer behandel nie. Die kandidate se ontoereikende kennis van die inhoud toon duidelik dat hierdie boek nie by sentrums of skole aangebied word nie.<br>Die vraag is oor die algemeen baie swak beantwoord weens die kandidate se nalatenskap en gebrekkige begrip van hoe die keusevrae, soos dit in die vraestel verskyn, gekies moes word.<br>Dit blyk dat die kandidate moontlik nie die instruksies op die vraestel verstaan het nie en eenvoudig by Vraag 1 begin het en al die vrae beantwoord het.<br>Kandidate kon nie die vlak 1- en vlak 2-antwoorde korrek weergee nie, wat 'n duidelike aanduiding is dat hulle nie vertroud is met die inhoud van die roman nie.<br>Onderwysers moet kandidate daarvan bewus maak dat hulle slegs een vraag per afdeling moet beantwoord. |
| **QUESTION 2** |
| **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Die probleemareas in Vraag 5, asook die redes waarom die kandidate uiters swak in hierdie vraag gevaar het, is moeilik om akkuraat te bepaal, aangesien die roman nie by skole onderrig word nie. Dit het gelei tot die algehele swak beantwoording van die vrae.<br>Die kandidate het 'n verkeerde keuse uitgeoefen en het derhalwe nie 'n begrip van die roman gehad nie. Hulle het die uittreksels en vrae bloot as 'n leesbegriptoets beskou en probeer om die antwoorde slegs uit die uittreksels af te lei.<br>Die kandidate het hoofsaaklik punte verwerf in meerkeusevrae, kolomvrae en volgordevrae waar die antwoorde geraai kon word.<br>Die kandidate beskik nie oor die nodige woordeskat om die vrae suksesvol te beantwoord nie. |
| **QUESTION 3** |
| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Die uitleg van die vraestel moet aan kandidate verduidelik word om verwarring uit te skakel rakende die twee vrae wat beantwoord moet word.<br>Die uitwerk van ou vraestelle kan as voorbeeld dien om die uitleg en struktuur van die vraestel te verduidelik.<br>Onderwysers moet dit duidelik aan kandidate stel dat hulle benadeel word wanneer hulle vrae beantwoord oor tekste wat nie by hul skole aangebied of onderrig word nie. Die |

| |
|---|
| verkeerde keuses wat kandidate maak wanneer hulle die vraestel probeer beantwoord, kan tot uiters swak uitslae lei.<br>By merksentrums word slegs die eerste vraag per genre nagesien; enige verdere beantwoorde vrae in dieselfde genre word geïgnoreer. |
| **QUESTION 4** |
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Die boek is moeilik en behoort nie behandel te word nie; daar is makliker, meer geskikte opsies soos Paljas en Fiela se kind – Die Drama om te oorweeg.<br>Kandidate moet die verskillende vrae deeglik deurlees om die kern van die vraag raak te sien. Hulle moet bewus gemaak word dat die nommering op die vraestel ooreen moet stem met die nommering van hul antwoorde.<br>Onderwysers moet kandidate uitdruklik inlig dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet neerskryf nie — selfs nie op plekke waar hulle foute gemaak het nie. Glimpenne en tippex mag glad nie gebruik word nie.<br>Indien ’n kandidaat ’n verkeerde keuse gemaak het, moet hy/sy ’n enkele streep deur die verkeerde antwoord trek; andersins sal die aanvanklike antwoord gemerk word, aangesien daar by merksentrums slegs die eerste vraag per genre in ag geneem word. |

**VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard**

| **QUESTION 1** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Oor die algemeen is die betrokke vraag nie bevredigend beantwoord nie. Alhoewel kandidate die teks in breë trekke verstaan het, het hulle gesukkel om die kennis toe te pas. Vrae wat interpretasie en argumentering vereis het, is swak hanteer, en baie antwoorde was onvolledig.<br><br>• **Vrae 6.1.1 – 6.1.4**: Hierdie vrae is oorwegend goed beantwoord. Daar was egter spelfoute by die antwoorde *brood* en *fiets*.<br>• **Vraag 6.2**: Die vraag is nie volledig beantwoord nie.<br>• **Vraag 6.4**: Kandidate kon nie die verskil tussen *Willem kon nie praat nie* en *Willem wou nie praat nie* onderskei nie.<br>• **Vraag 6.5.1**: Goed beantwoord.<br>• **Vraag 6.5.2**: Kandidate het nie die betekenis geken of kon dit nie verduidelik nie. Woorde uit die uittreksel is bloot aangehaal as antwoorde.<br>• **Vraag 6.6.1**: Kandidate het nie besef dat *ou dingetjie* na die liedjie verwys nie.<br>• **Vraag 6.6.2**: Die vraag is nie verstaan nie; antwoorde het na die *klavier* verwys.<br>• **Vraag 6.10**: Die volgordevraag is swak beantwoord; min kandidate het volpunte behaal.<br>• **Vraag 6.11.2**: Antwoorde het meestal beskryf hoe die dorpenaars gevoel het, en nie hoe Katrien gevoel het nie.<br>• **Vraag 6.13**: Aanhalings uit die uittreksel is as antwoorde aangebied, sonder verdere verduideliking.<br>• **Vraag 6.14.2**: Antwoorde het Emma se opinie weergegee en nie die dorpsmense se gedagtes nie.<br>• **Vraag 6.15**: Min kandidate het geweet dat die korrekte antwoord *Sakkie du Toit* is.<br>• **Vraag 6.16**: Antwoorde het verwys na die Volstruisdans en Nollie se bedoeling om vir Emma te vra, eerder as na die insident ná die Volstruisdans.<br>• **Vraag 6.17**: Antwoorde het grootliks na die uittreksel verwys sonder verdere interpretasie. |

- **Vraag 6.19**: Almal kon aandui dat Willem weer kon praat, maar het nie sy aksies verduidelik nie, soos hoe hy ander gehelp het met sy toertjies wat mense laat lag.
- **Vraag 6.20**: Swak beantwoord; kandidate het die vraag herhaal in hul antwoorde sonder om inhoud te verskaf.

**QUESTION 2**

**Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

**Waarnemings oor die beantwoording van vrae**

- **Vrae 6.1.1 – 6.1.4**: Kandidate benodig verdere onderrig in spelling.
- **Vraag 6.2**: Die korrekte woordeskat ontbreek om die vraag volledig en korrek te beantwoord.
- **Vraag 6.4**: Kandidate verwar Willem se besluit om nie te praat nie met die idee dat hy stom is; hy is nie stom nie, hy wil bloot nie praat nie.
- **Vraag 6.5.2**: Kandidate sukkel om die figuurlike betekenis te verduidelik.
- **Vrae 6.6.1 en 6.6.2**: Kandidate het moeite om die uittreksel in konteks te plaas en ervaar woordeskatprobleme, veral met die begrip *liedjie*.
- **Vraag 6.10**: Kandidate ken nie die inhoud van die teks goed genoeg om volpunte te behaal nie.
- **Vraag 6.12.2**: Antwoorde is nie uit Katrien se perspektief geformuleer nie.
- **Vraag 6.13**: Kandidate soek die antwoord in die uittreksel en kan nie 'n eie opinie formuleer nie.
- **Vraag 6.14.2**: Antwoorde is nie uit die dorpenaars se perspektief gegee nie.
- **Vraag 6.15**: Kandidate ken nie die inhoud en die karakters van die drama voldoende nie.
- **Vraag 6.16**: Kandidate sukkel om die uittreksel en vraag in konteks te plaas en verstaan moontlik nie die term *direkte gevolg* nie.
- **Vraag 6.17**: Antwoorde is hoofsaaklik uit die uittreksel geneem; kandidate kon nie 'n eie opinie formuleer nie.
- **Vraag 6.19**: Kandidate kon nie die lesse wat Willem geleer het verbind met hoe hy dit met ander gedeel het nie.

- **Vraag 6.20**: Antwoorde is te algemeen en verwys nie spesifiek na die drama nie; kandidate verstaan nie die begrip *slot* nie.

**QUESTION 3**

Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.

**Aanbevelings vir Onderrig en Assessering**

- **Inhoudskennis van die drama**: Kandidate moet die inhoud van die drama volledig ken, aangesien 'n gebrek aan kennis tot feitefoute lei wat die res van 'n antwoord kan beïnvloed.
- **Karakterkennis**: Die rol van elke karakter en hul verhoudings met mekaar moet duidelik en volledig aan kandidate verduidelik word.
- **Beantwoording van vraetipes**: Die vaardigheid om koppelvrae en motiveringsvrae te beantwoord moet doelbewus geoefen en onderrig word.

**Toetsvoorbereiding en Antwoordtegniek**

- Kandidate moet die vrae deeglik lees en die kern van die vraag identifiseer voordat hulle antwoord.
- Onderwysers moet verseker dat kandidate die inhoud van die drama deeglik ken.
- Algemene klasbesprekings moet gereeld gehou word om begrip te verdiep.
- Verskillende interpretasies van die teks moet bespreek word om kritiese denke te bevorder.
- Kandidate moet geoefen word in die beantwoording van vrae op **vlak 3 en vlak 4**, sodat hulle vaardigheid in hoër-orde denke ontwikkel.

**QUESTION 4**

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

**Aanbevelings vir Onderrig en Voorbereiding**

- **Gebruik van vorige vraestelle**: Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om kandidate bloot te stel aan die vereiste standaard, die nodige woordeskat en die verskillende tipes vraagstelling wat in eksamens voorkom.
- **Spelvorm en karaktername**: Die korrekte spelvorm van woorde en karaktername is van kardinale belang, aangesien verkeerde spelling die betekenis van antwoorde kan beïnvloed. Voorbeeld: *toortjies* / *toere* in plaas van die korrekte vorm *toertjies*.
- **Primêre bron van onderrig**: Die teks moet steeds as die primêre bron van onderrig dien. Die fliek mag slegs as aanvullende hulpmiddel gebruik word, aangesien daar verskille tussen die teks en die filmweergawe bestaan.
- **Beperkte woordeskat**: Kandidate se beperkte woordeskat bemoeilik hul vermoë om interpretasie en argumentering te hanteer. 'n Sistematiese uitbreiding van woordeskat is dus noodsaaklik.

- **Lees van die teks**: Kandidate moet die teks self lees en deeglik bestudeer om inhoudskennis te verwerf en om interpretasie- en redeneervrae met selfvertroue te kan beantwoord.

**VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee**

| **QUESTION 1** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Twee derdes van die Oos-Kaap doen Fiela se kind by skole. Hierdie jaar het kandidate swakker gevaar.<br>**Vraag 7.1**: Goed beantwoord, behalwe 7.1.3.<br>**Vraag 7.2**: Redelik goed beantwoord.<br>**Vraag 7.4.1**: Goed beantwoord.<br>**Vraag 7.6**: Swak beantwoord.<br>**Vraag 7.8**: Gemiddeld beantwoord.<br>**Vraag 7.10:** Swak beantwoord. Sterker kandidate kon dit reg kry.<br>**Vraag 7.11**: Die volgordevraag is swak beantwoord.<br>**Vraag 7.12.2**: Goed beantwoord.<br>**Vraag 7.13**: Redelik goed beantwoord.<br>**Vraag 7.15**: Die sterker kandidate kon dit reg kry maar die swakker kandidate het gesukkel.<br>**Vraag 7.18**: Kandidate kon wel een punt hier verwerf.<br>**Vraag 7.20**: Antwoorde was swak. |
| **QUESTION 2** |
| **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| **Vraag 7.1.1 – 7.1.4**: Kandidate het verskeie antwoorde by 7.1.2 gegee. In plaas van "geskop" het hulle "geslaan", "geklap" geskryf. By 7.1.3 het die kandidate die karakters verwar. Meeste kandidate het "Tant Malie" geskryf in plaas van "Tant Gertjie".<br>**Vraag 7.2**: Kandidate het verkeerdelik na Elias se mishandeling verwys in plaas van na Barta se optrede. Kandidate het meer inligting benodig om die vraag korrek te kon beantwoord.<br>**Vraag 7.4.1**: Kandidate het gedink dat die voornaamwoord *sy* na die magistraat verwys.<br>**Vraag 7.6**: Kandidate het die uittreksel as antwoord aangebied en kon nie die *feit* bewys nie. Die meeste het verkeerdelik aangedui dat sy by Miss Weatherbury werk. Kandidate het geen kennis van die skoolmeester getoon nie.<br>**Vraag 7.7**: Hierdie vraag was moeilik vir kandidate om te beantwoord, aangesien hulle sukkel om daarmee te identifiseer. Daar was ook geen opsie om aan te dui dat hulle nie daarmee identifiseer nie.<br>**Vraag 7.8**: Antwoorde het gefokus op gebeure ná die terugkeer en het na die grootvoete verwys wat Elias trap. Die gebeure was te naby aan mekaar vir kandidate om onderskeid te tref. |

**Vraag 7.10:** By die gebeure (Kolom A) en gevolge (Kolom B) was baieinligting om te onthou — kandidate moet die inhoud deeglik ken.

**Vraag 7.11**: Die volgordevraag is swak beantwoord; kandidate kon nie die verloop van gebeure korrek weergee nie. Die gebeure was te naby aan mekaar vir kandidate om onderskeid te tref.

**Vraag 7.12**: Kandidate beskik oor 'n beperkte woordeskat en moeilike woorde is gebruik. Hulle het veral gesukkel met die begrip *geloofwaardig*.

**Vraag 7.12.2**: Kandidate kon nie die rede korrek formuleer nie. Kandidate het nie op die woorde "geld kom haal" gefokus nie.

**Vraag 7.13**: Kandidate kon nie die motivering van die koppelvraag korrek gee nie.

**Vraag 7.15**: Antwoorde het gefokus op die gevolge van Elias se siekte en nie op wat Nina in die bos gedoen het nie. Kandidate het nie die betekenis van 'n direkte gevolg verstaan nie.

**Vraag 7.17**: Kandidate het nie vanuit hul eie oogpunt geskryf nie.

**Vraag 7.18**: Kandidate kon nie die gevolge korrek aandui nie.

**Vraag 7.20**: Antwoorde was swak; kandidate het die vraag herhaal en veralgemeen sonder om dit binne die konteks te plaas. Baie het verkeerdelik verwys na Elias wat vergifnis moes vra. Die gevolge van lewenslesse is moeilik deur kandidate uitgedruk weens taalbeperkings.

- Uitdrukking en verduideliking: Kandidate kon hulself nie duidelik uitdruk of verduidelik nie.
- Feite uit die drama: Die aanhaling en weergawe van feite uit die drama was problematies en moeilik vir kandidate.

**QUESTION 3**

**Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

**Die hoofprobleme lê by:**

- **Taalbeperkings** (woordeskat, formulering, begrip van abstrakte terme).
- **Leesbegrip** (onderskeid tussen karakters en gebeure).
- **Analitiese vaardighede** (oorsaak-gevolg, motivering, lewenslesse, tegnieke).
- **Persoonlike betrokkenheid** (skryf vanuit eie oogpunt, identifikasie).
- **Lees van uittreksels**: Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en hul antwoorde op die inhoud van die uittreksel te baseer.
- **Fokus op detail**: Skole wat hierdie drama bestudeer, moet aandag gee aan die fyner detail van die boek om kandidate se begrip te verdiep.

- **Lees van vrae**: Kandidate moet die onderskeie vrae sorgvuldig lees om die kern van die vraag te identifiseer en daarop te reageer.
- **Oefening van hoër-orde vrae**: Vlak 3–5 vrae moet doelbewus in die klas geoefen word om kandidate se vaardigheid in interpretasie en argumentering te versterk.
- **Tydlyne:** Gebruik tydlyne of diagramme om gebeure te orden; oefen onderskeid tussen opeenvolgende aksies.
- **Motiveringsvrae:** Oefen redevoering met "omdat/ daarom" strukture; laat kandidate eenvoudige redes skryf. Leer hoe om antwoorde te motiveer met teksbewyse; gebruik voorbeeldantwoorde.
- **Algemeen vs. spesifiek**: Die verskil tussen algemene antwoorde en antwoorde wat spesifiek uit die drama geformuleer is, moet duidelik aan kandidate verduidelik word. Voorbeeld: by Vraag 7.20 moet antwoorde uit die drama self gegrond wees en nie veralgemeen word nie.
- **Slot van die drama**: Die betekenis en funksie van die *slot* van die drama moet aan kandidate verduidelik word, sodat hulle die finale uitkoms en die implikasies daarvan kan verstaan.

**QUESTION 4**

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Aanbevelings vir Onderrig en Assessering

- **Verwysing na KABV-dokument**: Onderwysers moet hulself deeglik vergewis van wat in die KABV-dokument uiteengesit is ten opsigte van die inhoud wat in die klaskamer onderrig moet word.
- **Gebruik van vorige vraestelle**: Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om kandidate bloot te stel aan die vereiste standaard, woordeskat en verskillende tipes vraagstelling.
- **Primêre bron van onderrig**: Die teks moet steeds as die primêre bron van onderrig gebruik word. Die fliek mag slegs aanvullend dien. Die ouer fliekweergawe is meer akkuraat en gebaseer op die oorspronklike teks; onderwysers behoort verkieslik van die nuutste fliekweergawe weg te bly.

**Waarnemings oor die eksamenpraktyk:**

As opvoeder kan 'n mens mismoedig voel wanneer jy dink aan die werk en moeite wat in lesse ingegaan het, maar omdat eksaminatore verplig is om 'n templaat vir vrae te gebruik, word die voorgeskrewe werk dikwels gereduseer om by die vrae te pas.

Nietemin is eksaminatore bevoegde persone, en indien die verskillende vlakke van vraagstelling korrek toegepas word, kan daar nie 'n vraag opgestel word wat óf te moeilik óf te maklik is nie. Op hierdie manier kan die hele drama op 'n gebalanseerde wyse getoets word.

**VRAAG 8.1: SPIEËLBEELDE 'KOM ONS STUUR VIR TASU' – Maretha Maartens**

**VRAAG 8.2: OPDRAG – Rike Olivier**

| **QUESTION 1** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Kandidate het oor die algemeen gesukkel met Vraag 8. Baie antwoorde was onvolledig en het nie die vereistes volledig aangespreek nie. Dit dui daarop dat sekere konsepte verdere versterking benodig. Die algehele prestasie toon dat addisionele ondersteuning en hersiening van hierdie afdeling voordelig sal wees.<br><br>***Vraag 8.1***<br><br>• **8.1.2**: Swak beantwoord.<br>• **8.1.5 (a) + (b)**: Rededelik goed beantwoord.<br>• **8.1.6**: Goed beantwoord.<br>• **8.1.7**: Oor die algemeen goed beantwoord.<br>• **8.1.9**: Baie swak beantwoord.<br>• **8.1.10**: Goed beantwoord.<br><br>***Vraag 8.2***<br><br>• **8.2.2 (b)**: Swak beantwoord.<br>• **8.2.4**: Swak beantwoord.<br>• **8.2.5**: Swak beantwoord.<br>• **8.2.6 (b)**: Swak beantwoord.<br>• **8.2.8**: Swak beantwoord. |
| **QUESTION 2** |
| **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |

***Vraag 8.1***

- **8.1.2**: Kandidate het nie by die gedeelte uitgekom waar die karakter besig is met eksamens nie. Kandidate het slegs verwys na die feit dat hy in matriek is, sonder om te noem dat hy besig is om eksamen te skryf.
- **8.1.5 (a) + (b)**: Baie kandidate het deel (a) korrek beantwoord, maar kon nie die motivering daarvoor verskaf nie.
- **8.1.7**: Sommige kandidate het op die ouma gefokus. Kandidate het nie die tweede punt behaal nie, aangesien hulle op die impak op sy ouma gefokus het in plaas van op die vereiste aspek.
- **8.1.9**: Kandidate het nie na hul eie drome en wat hulle gedoen het, verwys nie. Die meeste kandidate het slegs oor sy droom geskryf wat hy prysgegee het, sonder om te verduidelik hoe hulle met hom identifiseer.
- **8.1.10**: Kandidate kon die feit identifiseer dat dit hom gehelp het om sy vrees te oorkom.

***Vraag 8.2***

- **8.2.2 (b)**: Kandidate het gesukkel om 'n vergelyking tussen "Ouma" en "Sarah" te tref of na vroeër houdings teenoor troue te weerspieël.
- **8.2.4**: Kandidate het nie goeie houvas op die inhoud nie.
- **8.2.5**: **(a)**: Kandidate het eenvoudig gevoel hulle verloor punte indien hulle die antwoord by (a) nie ken nie en het nie (b) gedeelte beantwoord nie. Dit was nie 'n koppelvraag nie. Kandidate het dan twee punte hier verloor.
- **8.2.6 (b)**: Kandidate het die vergelyking nie verstaan nie.
- **8.2.8**: Kandidate het nie na die impak op hulself verwys nie.

**QUESTION 3**

**Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- **Lees van uittreksels**: Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en hul antwoorde op die inhoud van die uittreksel te baseer.
- **Lees van vrae**: Kandidate moet die onderskeie vrae sorgvuldig lees om die kern van die vraag te identifiseer en daarop te reageer.
- **Gebruik van sleutelterme**: Onderwysers behoort woorde soos *identifiseer* doelbewus in hul hersiening in te sluit, sodat kandidate vertroud raak met die terminologie wat in vraestelle gebruik word.
- **Verwysing na self**: Onderwysers moet beklemtoon dat kandidate na hulself moet verwys wanneer hulle gevra word oor hul sienswyse en hoe dit hulle beïnvloed.

- **Inhoudskennis van kortverhale**: Kandidate moet aangemoedig word om die inhoud van die kortverhale deeglik te ken en nie slegs op die gegewe uittreksels staat te maak nie.

**QUESTION 4**

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Aanbevelings vir Onderrig en Hersiening

- **Verwysing na KABV-dokument**: Onderwysers moet hulself deeglik vergewis van wat in die KABV-dokument uiteengesit is ten opsigte van die inhoud wat in die klaskamer onderrig moet word.
- **Inhoudskennis van verhale**: Die inhoud van die kortverhale moet deeglik vasgelê en bestudeer word, aangesien kandidate dikwels die verskillende verhale, karakters en temas met mekaar verwar.
- **Beperkte taalvaardigheid**: Daar is bevind dat baie kandidate nie die inhoud van die kortverhale voldoende ken nie en ook nie die gevorderde Afrikaans verstaan nie. Woorde soos *geloofwaardig*, *identifiseer* en *verantwoordelik* veroorsaak dikwels probleme en moet doelbewus verduidelik en geoefen word.

**VRAAG 9.1: VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL KRISIS – Elisabeth Eybers**

**VRAAG 9.2: KEN JY DIE SEE – Uys Krige**

| **QUESTION 1** |
| --- |
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Kandidate het oor die algemeen verbasend goed gevaar in die afdeling oor gedigte, alhoewel sommige kandidate steeds swak presteer het. **Vraag 9.2: *Ken jy die see*** is die beste beantwoord. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat dit 'n bekende gedig is omdat dit alreeds in vorige vraestelle voorgekom het. Kandidate het moontlik deur ou vraestelle gewerk. Dit is belangrik dat onderwysers kandidate aan moedig om deur ou vraestelle te werk. Dit help hulle ook om vertroud te raak met verskillende tipe vraagstelling wat aansluit by die kognitiewe vlakke.<br><br>***Vraag 9.1***<br><br>• **9.1.1**: Goed beantwoord.<br>• **9.1.2 – 9.1.4**: Hierdie vrae was redelik maklik en kandidate het goed gevaar.<br>• **9.1.5**: Bevredigend beantwoord.<br>• **9.1.6**: Redelik goed beantwoord.<br>• **9.1.7**: Goed beantwoord.<br>• **9.1.9**: Swak beantwoord.<br>• **9.1.10**: Goed beantwoord.<br>• **9.1.11**: Redelik goed beantwoord.<br>• **9.1.12**: Goed beantwoord<br><br>***Vraag 9.2***<br><br>• **9.2.1**: Goed beantwoord.<br>• **9.2.2**: Redelik goed beantwoord.<br>• **9.2.3**: Swak beantwoord.<br>• **9.2.7**: Redelik goed beantwoord.<br>• **9.2.8**: Goed beantwoord.<br>• **9.2.9**: Redelik goed beantwoord.<br>• **9.2.10**: Redelik goed beantwoord. |
| **QUESTION 2** |
| **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |

Waarnemings oor die beantwoording van die gedigte-afdeling

**Vraag 9.1**

**9.1.1**: Kandidate verwar die begrippe *digter* en *spreker*.

**9.1.2 – 9.1.4**: Hierdie vrae was redelik maklik, hoewel verkeerde aanhalings soms neergeskryf is.

**9.1.5**: Kandidate kon nie die tegniek identifiseer nie of het nie geweet hoe om dit te formuleer nie.

**9.1.6**: Die vraagstelling was verwarrend; kandidate het slegs oor die hart geskryf en nie die negatiewe impak op die hoof bespreek nie.

**9.1.7**: Sommige kandidate het nie die begrip *opeenvolgende woorde* verstaan nie en het twee aparte woorde aangehaal.

**9.1.9**: Die volgordevraag was verwarrend. Dit was swak beantwoord omdat dit in die verlede tyd gestel is.

**9.1.10**: Kandidate het nie die begrip *effektief* verstaan nie.

**9.1.11**: Kandidate kon nie hul eie opinie formuleer nie. Die vraag was ook nie gepas nie, aangesien hulle nie daarmee kon identifiseer nie

**9.1.12**: Kandidate het gesukkel om te verstaan dat die titel deel van die gedig is en daarmee moet pas. Hulle het nie verduidelik waaroor die krisis gaan nie.

**Vraag 9.2**

**9.2.1**: Kandidate het gesukkel met dele a–c.

**9.2.2**: Baie kandidate het eenvoudig aanhalings as antwoorde neergeskryf. Kandidate het gesukkel om die antwoord in hul eie woorde te formuleer.

**9.2.3**: Kandidate het gesukkel om rym te identifiseer en het dit steeds met *ruimte* verwar. Kandidate het nie die konsep van rymdwang verstaan nie en het dit letterlik probeer beantwoord. Die woord "buur" was verwarrend vir die kandidate. Kandidate se kennis van stylfigure ontbreek.

**9.2.7**: Kandidate het gesukkel om die verskil tussen 'n metafoor en 'n vergelyking te verstaan.

**9.2.8**: Baie kandidate het die vraag nie verstaan nie; dit was verwarrend. Sommige het uit die meneer se perspektief geantwoord. Kandidate het gesukkel om vanuit hul eie oogpunt te antwoord.

**9.2.9**: Sommige kandidate het die gedig nie verstaan nie; dit het duidelik uit die antwoorde geblyk. Daar is ook foutiewe gebruik van "*los*"/ "*gelose*"" in plaas van "*verloor*". Kandidate het nie die inhoud van die gedig geken nie of het nie verstaan waaroor die gedig gaan nie. Antwoorde het dikwels bestaan uit blote aanhalings uit die gedig.

| |
|---|
| **9.2.10**: Antwoorde het duidelik getoon dat sommige kandidate die gedig nie verstaan het nie.<br>Kandidate beskik oor 'n beperkte woordeskat, wat hul vermoë om vrae te interpreteer en te beantwoord belemmer.<br>Sommige kandidate het nie voldoende voorbereiding gedoen nie.<br>Vrae is dikwels uitgelaat, wat dui op 'n gebrek aan selfvertroue of kennis. |
| **QUESTION 3** |
| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Aanbevelings vir Onderrig en Assessering van Gedigte<br>Poëtiese begrippe en inhoud:<br>**Lees van die gedig:** Kandidate moet aangemoedig word om die gedig in die vraestel deeglik te lees en hul antwoorde op die inhoud van die gedig te baseer.<br>**Begrip van literêre terme:** Onderwysers moet begrippe soos strofes en versreëls deeglik onderrig, sodat kandidate verstaan wanneer daar byvoorbeeld na strofe 5 verwys word. 'n Strofe kan ook uit een versreël bestaan (soos in Ken jy die see) en dit moet in ag geneem word wanneer strofes getel word.<br>Klem moet ook gelê word op beeldspraak en stylfigure.<br>**Breër fokus in onderrig:** Onderwysers moet nie slegs op die inhoud van die gedigte fokus nie, maar ook op woordeskat, terminologie en die abstrakte idees wat in die gedigte vervat is.<br>**Woordeskatontwikkeling:** 'n Sistematiese uitbreiding van kandidate se woordeskat is noodsaaklik om hul begrip en interpretasie van gedigte te verbeter. |
| **QUESTION 4** |
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Aanbevelings rakende die onderrig en assessering van nuwe gedigte<br>**Rol van vakadviseurs:** Aangesien hierdie nuwe gedigte is, behoort vakadviseurs 'n leidende rol te speel in die begeleiding van onderwysers en die standaardisering van onderrigpraktyke.<br>**Afrikaanse spelvorms:** Daar moet spesifiek op die Afrikaanse spelvorms van literêre begrippe gefokus word, byvoorbeeld kwatryn in plaas van quatrain of quatrein.<br>**Uitgebreide antwoorde:** Kandidate formuleer dikwels uitgebreide antwoorde wat vreemd gestel is, wat dit vir merkers moeilik maak om die korrekte bedoeling uit te pluis.<br>**Aantal gedigte:** Daar moet oorweeg word om die aantal gedigte wat vir die eindeksamen voorgeskryf word, te verminder om dit vir kandidate minder oorweldigend te maak.<br>**Vraagstelling**: Die vrae kon eenvoudiger gestel gewees het om die vlak van verwarring by kandidate te verminder. |

**Werkswinkels vir onderwysers:** Meer werkswinkels behoort aangebied te word om onderwysers se kennis van die nuwe gedigte en die gepaardgaande literêre begrippe te verbeter.

**AANHANGSEL 1:**

| **KOGNITIEWE VLAKKE** | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1 & 2** | **VLAK 3** | **VLAK 4 & 5** |
| Geheuevrae: Toets die herroeping van feite.<br>Vereis die toepassing van kennis om probleme op te los.<br>Feitelike vrae: Soek eenvoudige antwoorde gebaseer op geredelik beskikbare inligting.<br>Het 'n beperkte reeks aanvaarbare antwoorde.<br>**VLAK 1: LETTERLIK** – Die feite staan eksplisiet of duidelik in die teks.<br>Herken detail, hoofgedagtes, volgorde, vergelykings, oorsaak en gevolg, verhoudings, karaktereienskappe.<br>Tipe vrae<br>Wie? Wat? Waar? Wanneer? Hoekom?<br>Gee redes/feite waarom …<br>Haal 'n woord aan wat dieselfde beteken as …<br>Watter woord sê vir ons dat …?<br>Haal 'n vergelyking of stylfiguur aan.<br>Beskryf 'n plek of karakter.<br>Voltooi of vul die ontbrekende woord(e) in (as die woord/e net so uit die teks gehaal kan word).<br>**VLAK 2: HERORGANISERING** –<br>Organiseer inligting op 'n ander manier as wat dit in die teks aangebied word.<br>Klassifiseer, ontleed/analiseer (bv. die optrede van 'n karakter), orden/rangskik inligting of gebeure, som op of vat saam, voeg inligting saam of maak 'n sintese.<br>Gee die ooreenkomste of verskille tussen twee karakters. | Evaluerende vrae: Vereis analise, sintese en evaluering van inligting.<br>Laat 'n wye reeks aanvaarbare antwoorde toe en moedig kreatiewe denke aan.<br>**VLAK 3: AFLEIDING** – Reageer op inligting wat geïmpliseer word en nie direk in die teks staan nie. Die leerder moet dus aflei.<br><u>Lei die volgende af</u>:<br>ondersteunende detail, hoofgedagtes, volgorde, vergelykings, oorsaak en gevolg, karaktereienskappe, figuurlike betekenis/beeldspraak; interpreteer visuele aspekte soos 'n boekomslag); voorspel wat gaan gebeur.<br>Tipe vrae<br>Wat lei jy af uit die titel of omslag?<br>Wat is die tema, les, boodskap, hoofgedagte?<br>Wat beteken die vergelyking, metafoor, simbool of woord?<br>Watter karaktereienskap/houding openbaar die karakter deur sy woorde op optrede?<br>Voltooi of vul die ontbrekende woord(e) in (as die woorde nie net so uit die teks gehaal kan word nie).<br>Vergelyk twee karakters met mekaar.<br>Leerders moet die nodige afleiding maak. Dit moenie feite wees wat direk in die teks staan nie.<br>Waar/Onwaar-vrae: Bv. Motiveer waarom die onderstaande stelling ONWAAR is.<br>Meerkeusevrae: Ons gee gewoonlik 4 moontlikhede, waarvan net een korrek is. Maar die ander moenie belaglik of sinneloos wees nie.<br>Kies die korrekte antwoord tussen hakies.<br>Invulvrae, waar moontlikhede om van te kies, gegee word.<br>Kolomvraag. | Moedig kreatiewe denke en die generering van nuwe idees aan.<br>Evaluerende vrae: Vereis oordeel en ontleding van inligting.<br>**VLAK 4: EVALUERING – Gee jou EIE mening of oordeel oor dit wat in die teks staan/gebeur/gesê word.**<br>Beoordeel realiteit teenoor verbeelding/fantasie, feit of mening, waarde, geldigheid, gepastheid, wenslikheid, geslaagdheid, aanvaarbaarheid, reg/verkeerd, ens.<br>**Tipe vrae**<br>Is die karakter se optrede oortuigend, realisties of geloofwaardig?<br>Is die argument logies of geldig?<br>Is die karakter se uitspraak 'n feit of 'n mening?<br>Hou jy van hierdie karakter?<br>Dink jy karakter X is 'n waardige rolmodel vir jongmense?<br>Dink jy tieners sal van hierdie boek/storie hou?<br>Dink jy die slot van hierdie roman is gepas?<br>Gee 'n kritiese bespreking van 'n karakter se houding of optrede.<br>Dink jy die stereotipering in hierdie teks is geregverdig?<br>**Onthou**: Leerders moet 'n keuse maak (Ja/Nee) en dit dan motiveer. Die punt gaan net vir die motivering.<br>**VLAK 5: WAARDERING –** Die vrae fokus op die leerder se emosionele respons op die inhoud, identifisering met karakters en reaksies op die skrywer se taalgebruik (woordkeuse en beelde). Dit gaan oor die impak van die teks op die leerder.<br>**Tipe vrae-**Bespreek jou reaksie op die teks, situasie, konflik, dilemma (m.a.w. hoe dit jóú raak).<br>Simpatiseer jy met 'n karakter?<br>Wat sou jy doen indien jy in dieselfde situasie was?<br>Watter raad sou jy vir X in hierdie situasie gegee het? |

| | | |
|---|---|---|
| | | Bespreek die doeltreffendheid van die skrywer se styl, inleiding, slot, beelde, stylfigure, ens.<br>Lewer kommentaar op die skrywer se taalgebruik. Of: Is dit gepas om Engelse woorde in die boek te gebruik?<br>**Onthou**: Waar leerders 'n keuse moet maak (Ja/Nee) moet hulle dit motiveer. Die punt gaan net vir die motivering. |